ecsponent Limited

Desember **2018**

ecsponuus

Hupstoot vir vertroue in ons eie land. Waarom plaaslik lekker is

Skaars 'n jaar gelede was die leierskap van Suid-Afrika en sy regerende party nog nie in die hande van president Cyril Ramaphosa nie.

Ons soewereine skuld is afgegradeer deur twee van die top drie internasionale agentskappe hiervoor, en die gevolge van Steinhoff se ineenstorting was nog nie duidelik nie.

Twaalf maande later blyk dit dat plaaslike beleggers in ware Suid-Afrikaanse styl nie afgeskrik is deur wêreldgebeure, ekonomie of politiek nie. Nie eens die verwagte wettiging van grondonteiening kon afbreuk doen aan die groeiende plaaslike beleggingsmark nie.

Hierdie sentiment word ondersteun deur syfers van kollektiewe beleggings in die derde kwartaal wat pas deur die Vereniging vir Spaar en Beleggings in Suid-Afrika (VSBSA) uitgereik is. Suid-Afrikaanse aandele portefeuljes het 'n sterk netto invloei van R16 miljard vir die jaar, geëindig September 2018, aangeteken en R20 miljard is uit buitelandse portefeuljes onttrek.

Dit kan 'n aanduiding wees van hernieude beleggersvertroue in Suid-Afrika, soos gesien tydens die suksesvolle Suid-Afrikaanse Beleggingskonferensie en die Werksberaad wat in Oktober 2018 gevolg het. Voeg hierby die onlangs gepubliseerde BBP-groei syfers wat die land uit die resessie gelig het en dit wil lyk of die donker wolke 'n silwer randjie begin kry.

Die ondersteuning van die persepsie van groeiende optimisme is onlangs uitgelig in 'n verslag van die ouditeursfirma, PwC, getiteld "Waarom Suid-Afrika, en waarom nou? Vooruitskouende scenario's vir die Ramaphosa-presidensie (2018-2022)". Dit voorspel 'n 75% kans op verbeterde ekonomiese groei (wat die bevolkingsgroeikoers oorskry) oor die volgende vyf jaar.

Die verslag beweer sedert president Ramaphosa die leierskap van die party en regering oorgeneem het, is dit vir plaaslike en internasionale beleggers die regte tyd om in SA te belê. Dit toon ook 'n hoë waarskynlikheid dat die Suid-Afrikaanse ekonomie teen 2022 in 'n baie gesonder posisie as nou sal wees.

Daarbenewens het die A.T. Kearney FDI Confidence Index 2017 vir Suid-Afrika ingesluit op hul lys van 25 ekonomieë wat waarskynlik buitelandse beleggings gedurende 2018-2020 sal lok. Dit is die eerste keer sedert 2014 dat 'n Afrika-land in dié verslag verskyn het, gebaseer

vervolg op volgende bladsy

In dié uitgawe

Afrika se demografiese dividend

Die groeipotensiaal van Afrika se jeugdige bevolking is tydens Ecsponent se landwye toer bespreek en het wye belangstelling ontlok. bladsy 2

Nuwe alternatief vir 'n inkomste-belegging

Vroeg in Desember het Ecsponent die publikasie van sy prospektus aangekondig wat gaan oor 'n R10 miljard Binnelandse Medium Termyn Nota Program (BMTNP). bladsy 3

Benut belastingvoordele voor die einde van Februarie 2019

Soos elke vorige jaar, herinner ons beleggers weer om betyds voor die einde van die finansiële jaar van Jan Taks se belastingaansporings gebruik te maak. bladsy 3

Beleggingsopbrengste. Hoeveel verdien jy WERKLIK?

Beleggers wat geld verloor het, skakel dikwels oor na ultra-veilige beleggingsopsies, soos bankdeposito's, maar dit kan hul verdienste erg in die wiele ry. bladsy 4

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Fintech Campus, Hv Botterklapper- en Ilangastrate, Die Wilgers, Pretoria, Gauteng
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • +267 391 8756 • Eenheid G3, Victoria House, Plot 132 Independencelaan, Gaborone, Botswana
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.

vervolg vanaf bladsy 1

op bestuurders van C-vlak van maatskappye met 'n jaarlikse inkomste van $ 500 miljoen of meer.

As deel van sy New Deal voor sy verkiesing, het president Ramaphosa aangedui die herstel van vertroue onder beleggers is sy onmiddellike prioriteit.

Hy het gesê hierdie herstel verg dringende maatreëls om:
- beleidsekerheid te bereik,
- institusionele stabiliteit te verbeter,
- die geloofwaardigheid van die strafregstelsel te herstel, en
- die politieke wil te toon om die ekonomie te omskep.

Die beleggingskonferensie was ook 'n noodsaaklike openbare beeldpoets-oefening om beleggersentiment ten opsigte van Suid-Afrika ná jare van negatiwiteit te herstel. In 'n sekere mate is dit bereik, nie net as gevolg van die beloftes wat gemaak is nie, maar ook oor die feit dat sake en owerhede bymekaar gekom het om Suid-Afrika as 'n wenslike beleggingsbestemming te onderskryf.

Die Werksberaad se tema was "Saam Skep ons Werk" en het die regering, besigheid, arbeid en gemeenskappe byeengebring om werkskepping te bevorder. Die verskillende sosiale rolspelers het 'n raamwerkooreenkoms onderteken, wat beoog om 275 000 bykomemende werksgeleenthede per jaar te skep. Dit is buiten die werkskepping wat sonder hierdie ingrypings in die ekonomie geskep sou word -- gemiddeld sowat 300 000 per jaar.

Hierdie gebeurtenisse was ondersteunend vir die ekonomiese herstel, verdere werksverliese te voorkom en nuwe werk te skep.

As 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, ondersteun Ecsponent hierdie strewe van die president met passie en sal ons voortgaan om groei in Suid-Afrika en die res van die vasteland te bevorder.

Ons glo daar is oral geleenthede en het baie daarvan tydens ons nasionale bekendstellingstoer met beleggers gedeel. Ons moet net die uniekheid van Afrika besef en die geleenthede wat dit bied, begin ontsluit.

Afrika, die vasteland van die jeug

Afrika het die jongste bevolking in die wêreld en teen 2050 sal een uit elke vier werkende mense waarskynlik Afrikane wees.

Die grootte van die jeug in sekere Afrika-lande is verbysterend. In Niger is 50% van die bevolking, byvoorbeeld, onder die ouderdom van 15 jaar. Vandag is oor die 60% van Afrikane jonger as 25 jaar.

Hierdie demografiese dinamiek bring enorme uitdagings, asook geleenthede. Indien dit omsigtig ontgin en bestuur word, kan dit lei tot 'n ekonomiese wonderwerk in Afrika wat die loop van die 21ste eeu sal bepaal.

Aan die ander kant kom sodanige ongekende demografiese groei nie sonder bepaalde uitdagings nie. Hierdie jeug moet gelei word om hul opvoedkundige en gesondheidsbehoeftes te verwesenlik en genoeg werk moet jaarliks vir hulle geskep word om die arbeidsmark te betree.

Die Britse Eerste Minister Theresa May het vroeër vanjaar tydens haar besoek aan Suid-Afrika daarop gewys dat Afrika teen 2035 sowat 20 miljoen werkgeleenthede moet skep, net om by te hou met die versnellende bevolkingsgroei op die kontinent. Dit is sowat 50 000 nuwe werksgeleenthede wat daagliks geskep moet word om werkloosheid op die bestaande vlak te hou. As dit nie realiseer nie, sal die negatiewe ekonomiese en omgewingsimpak, volgens May, reg oor die wêreld gevoel word.

Vroue speel 'n kritieke rol

Die toekoms van ontwikkeling is egter nie net gewortel in die jeug nie, maar ook in vroue, volgens die Verenigde Nasies se Afrika Ontwikkelingsfonds.

Albei moet bemagtig word. Data oor armoeddinamika in Bangladesh toon dat vroue se bemagtiging 'n bepalende faktor is of huishoudings uit armoede kan ontsnap en in staat is om armoede op die lang termyn te oorkom. Aangesien vroue so 'n belangrike rol in armoedeverligting speel, is dit belangrik dat hulle besluitnemingsmag het. Impakvolle en transformasie-ontwikkeling kan nie plaasvind as jeug en vroue nie ten volle geïntegreer en bemagtig word as agente van verandering in die ontwikkelingsproses nie.

Volgens Ann Bernstein van die Sentrum vir Ontwikkeling en Onderneming, het mark-ekonomieë die afgelope drie dekades honderde miljoene mense uit armoede gelig. China het die regte resep gevolg deur maatskappye meer vryheid te gee en hulle te ondersteun om te groei en suksesvol te wees. Talle werksgeleenthede is geskep wat ongeveer 500 miljoen mense in die land uit armoede gered het. Indië volg nou ook hierdie resep om sy burgers op te hef. Maatskappye is die enigste rolspelers in die proses wat wins kan toon en belasting aan die staat verskaf sodat die nodige infrastruktuur gevestig word en 'n land dinamies kan groei.

Die regerings en private sektor moet saamwerk en langtermynplanne onwikkel. Dit moet insluit:
- Verbetering van die gehalte van onderwys en beroepsopleiding om jongmense toe te rus met die vaardighede wat werkgewers benodig;
- Tegnologie wat werkgewers en werksoekers verbind om groei te bevorder en
- Hulp vir entrepreneurs en klein besighede om uit te brei en toegang tot finansiële dienste te verkry.

Op hierdie manier word geleer, kennis gedeel en vindingryk opgetree om die talent van Afrika te ontgin en die jeug te mobiliseer.

Maklike alternatief vir 'n inkomstebelegging

Vroeg in Desember het ons aangekondig dat Ecsponent 'n prospektus van 'n R10 miljard binnelandse medium-termynprogram (BMTN-program) vrygestel het. Hierdie nuwe beleggingsopsie bied unieke voordele vir beleggers en skep ook geleenthede vir groei vir die groep.

Wat is genoteerde mediumtermynnotas?
JSE-genoteerde mediumtermynnotas bied 'n alternatief vir beleggers wat 'n gereelde inkomste en bogemiddelde rentekoerse wil geniet. Hierdie instrumente is maklik om te verstaan, eenvoudig en goedkoop om in te belê en bied 'n verskeidenheid alternatiewe.

Wie kan in mediumtermynnotas belê?

- Enige regspersoon, insluitende trusts
- Enige persoon van 18 jaar of ouer

Wat is die kenmerke van notas?

Hierdie notas bied:

- Stabiele, voorspelbare inkomste met maandelikse rentebetalings.
- Vaste driejaartermyn, met die opsie om op die JSE te koop en verkoop.
- 'n Maklike en goedkoop beleggingsalternatief.
- Dat inkomste van vrygestelde rentetoelaes afgetrek kan word.
- 'n Alternatiewe bateklas vir beleggers wat hul portefeuljes wil diversifiseer.

Hoe om te belê
Die kleinhandelnotas kan in eenhede van R100 gekoop word met 'n minimum beleggingsvereiste van R10 000. Sodra genoteer is, kan dit by die JSE verhandel word.

Vir verdere inligting, tree in verbinding met jou adviseur by Ecsponent.

Watter koerse word aangebied?

Soort	Koers*	Minimum belegging
Zero Koepon**	10.66%	R10 000
Wisselende Koers	Prima rentekoers + 1.5%	R10 000
Vaste Koers	9%	R10 000
Vaste Koers	10%	R100 000
Vaste Koers	12%	R1 000 000

* Nominale jaarliks koers wat maandeliks saamgestel word (NJSM).
** Kapitaal en rente betaal aan die einde van die beleggingstermyn.

Benut belastingvoordele voor Februarie 2019

Suid-Afrikaners se gedagtes begin al hoe meer wegdwaal van besigheid en hul finansies na kusvakansies en samesyn soos die jaar sy einde nader.

Die versoeking om te bestee en die tyd te geniet, is gedurende die feestyd groot en as beleggers nie deeglik besin nie, sal hulle 'n gulde geleentheid misloop om aanstaande jaar kontant van die SA Inkomstediens terug te kry.

Een manier om iets by Jan Taks te kry, is om 'n gedeelte van jou bonus of spaargeld te gebruik om jou uittree-annuïteit (UA) aan te vul of in 'n nuwe UA te belê.

Nie net sal jy jou belasting-aanspreeklikheid verminder nie, maar jy sal ook jou aftreegeld vergroot en in die proses saamgestelde belastingvrye groei verdien.

Mense wat gekonfronteer word met die vraag of dit beter is om belasting te betaal of om te spaar, sal sonder twyfel verkies om te spaar. Dink dus betyds na oor die aansporing van die regering wat spaar wil aanmoedig.

Die SA Inkomstediens laat individue toe om tot 27.5% van hul jaarlikse inkomste belastingvry in aftreefondse soos UA te belê. Die totale bydrae word tot R350 000 per jaar beperk.

As jy, byvoorbeeld, R500 000 per jaar verdien, sal jy R34 000 se bydraes tot jou UA kan aftrek. Pleks daarvan om belasting op R500 000 te betaal, sal jou inkomste nou met R34 000 verminder.

Jy sal dus net belasting op R466 000 betaal, wat 'n besparing van sowat R12 000 beteken. 'n Mens kan eintlik sê dat die regering R12 000 tot jou aftrede bydra.

'n Verdere plusfaktor is dat 'n vergroting in jou aftreefonds nie enige inkomstebelasting, dividendbelasting of kapitaalwinsbelasting tot gevolg het nie. Hierdie belastingaansporing help eintlik om spaar te bevorder.

Min tyd om belasting te spaar
As jy nog nie 27.5% van jou belasbare inkomste in die huidige belastingjaar bygedra het nie, het jy nog tyd tot 28 Februarie 2019 om dit toe te voeg. Jy het ook tot dan kans om in 'n nuwe UA te belê om die belastingvoordeel te benut.

Maak altyd hierdie besluite met die hulp en leiding van 'n finansiële adviseur. Op dié manier kry jy die beste opbrengs op jou beleggings.

Ecsponent bied 'n verskeidenheid oplossings vir aftrede. Tree gerus in verbinding met ons geakkrediteerde adviseurs om só die belastingvoordele van jou spaargeld te benut.

ecsponent
Financial Services

PERSOONLIKE FINANSIES

Beleggingsopbrengs: Hoeveel rente verdien jy WERKLIK?

Die duiwel is in die fynskrif

Een van die grootste redes waarom beleggers geld verloor, is omdat hulle swig voor aanbiedinge met onrealistiese opbrengste op aandele, effekte, effektetrusts, vaste eiendom of ander bateklasse.

Sodra hulle hul vingers verbrand, word uiters versigtige alternatiewe soos 'n vaste deposito dikwels gekies. Nie net is hul opbrengste vasgestel nie, maar hulle kan ook van die SA Inkomstediens se rentekoersvrystelling gebruik maak.

Die opbrengste wat afsonderlik gekwoteer word, kom gewoonlik nie sonder voorwaardes nie. Soos hulle sê, die duiwel skuil in die fynskrif en as jy dit nie sorgvuldig lees nie, kan 'n produkaanbod van 13% op sigwaarde, in werklikheid minder of dieselfde beteken as 'n ander produk wat 'n deursigtige 11% aanbied.

Die mag van saamgestelde opbrengste

Albert Einstein het saamgestelde opbrengste as die agtste wonder van die wêreld beskryf en gesê: "Hy wat dit verstaan, verdien dit... hy wat nie... betaal dit. Saamgestelde rente is die kragtigste mag in die heelal... die grootste wiskundige ontdekking van alle tye."

Die beginsels van saamgestelde groei is eenvoudig. In die eerste jaar van belegging word 'n opbrengs op jou kapitaal getoon. In die tweede jaar belê jy die kapitaal (jou aanvanklike belegging) plus die opbrengs en jy verdien verdere opbrengste op die totaal. As dit jaar na jaar herhaal word, verdien jy opbrengste, nie net op jou oorspronklike kapitaal nie, maar ook op jou groeiende opbrengste.

Die mag van saamgestelde opbrengste oor tyd



Kyk na die tabel hier bo. Twee beleggings van R100 000 is op dieselfde dag gemaak. Die een teen 13% nominale rente en die ander teen 10% saamgestelde rente. Terwyl die nominale opsie van 13% aanvanklik groter opbrengste lewer, is die effek van saamgestelde groei spoedig hoër as die nominale koers. Ná twintig jaar sal die beleggingswaardes onderskeidelik R360 000 en R672 750 wees.

Bepalings en voorwaardes geld altyd

Waarom hierdie teenstrydigheid? Kyk na die sterretjie langs die 13%, wat verwys na die fynskrif wat waarsku dat die aanbod onderworpe is aan die bepalings en voorwaardes.

Terwyl al die syfers korrek is, word dit bereken teen 'n nominale koers. Wanneer dit saamgestel is, is die opbrengskoers 10.53%. En as jy die rente maandeliks aan jou bankrekening betaal, daal die koers tot 10%. En dan het jy nog bankkoste ook om te betaal.

Kyk in geheel na alle aspekte

Nog 'n aspek om te oorweeg, is die effek van belasting. Ironies genoeg word dikwels misgekyk dat 'n hoër rentekoers 'n belegger na 'n hoër belastingskaal kan skuif. Dit bevestig die siening dat 'n holistiese siening nodig is voordat 'n beleggingsbesluit geneem word.

Die SA Inkomstediens bied 'n jaarlikse rentevrystelling van R23 800 vir persone onder 65 en R34 500 vir mense oor 65 jaar. Met ander woorde, op enige rente verdien wat die vrystellingsbedrag oorskry, sal dit by jou belasbare inkomste gevoeg word en sal jy dienooreenkomstig jaarliks belas word.

Dividend Terughoudingsbelasting

'n Verdere alternatief is om te belê in produkte wat 'n dividendopbrengs bied. Soos beleggings met nominale rente, betaal dividendopbrengste ook 'n nominale nie-saamgestelde opbrengs. Aan die ander kant is die maksimum belasting wat op dividende betaal word slegs 20%.

Kyk na die fynskrif

Min beleggers is in staat om die volle belastingblootstelling ten opsigte van hul beleggingskeuses te bepaal. 'n Gekwalifiseerde en geakkrediteerde beleggingsadviseur sal jou help om 'n holistiese siening van belasting en beleggings te neem, wat 'n bepalende rol in jou welvaartskepping kan speel.